DIE BYBEL in 'n neutedop

Markus Deel 1

—deur Peter Hammond

***"Want die Seun van die mens het ook nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien en Sy lewe te gee as 'n losprys vir baie."* Markus 10:45**

Wie was Markus?

Johannes Markus is in Cirene in Afrika gebore, uit die stam van Levi. Hy was 'n neef van Barnabas (Kolossense 4:10). Die Nagmaal is in die huis van Johannes Markus se ma gehou. Dit was dieselfde bo-kamer waar die Here aan Sy dissipels verskyn het ná Sy opstanding, en waarheen Petrus gegaan het toe hy uit die tronk bevry is (Hand 12:12). Johannes Markus was ook bevoorreg om deel te wees van die Apostel Paulus se eerste sendingreis (Hand 13). Markus het 'n medewerker van die Apostel Petrus geword (1 Pet 5:13). Hy het kerke in Pentapolis en in Alexandria, Egipte gestig. Die Evangelie van Markus is onder die apostoliese gesag van Petrus geskryf.

Die Evangelie van Markus is die kortste – vol aksie en is die maklikste om te lees. Markus is aangrypend; die tempo is vinnig, dit is meesleurend en bou die dramatiese spanning doeltreffend op sodat die laaste kritieke week van die Here se bediening die fokus is. Markus verkondig die belangrikste Nuus van alle tye.

Die struktuur van Markus

Daar is drie fases in Jesus se bediening:

- Jesus is baie gewild en duisende kom na Hom vir genesing.
- Twispunte, konfrontasie, en konflik met godsdienstige leiers.
- Voorbereiding van die twaalf dissipels oor Sy komende verloëning en dood.

Die eerste twee en 'n halwe jaar van Jesus se openbare bediening strek van hoofstuk een tot nege. Hoofstuk tien dek die volgende ses weke, en hoofstukke elf tot sestien handel oor die laaste week van Jesus se lewe.

Geografiese struktuur

Die Evangelie van Markus begin met Jesus se doop in die Jordaanrivier (laer as seevlak). Dan beweeg dit stelselmatig opwaarts deur Galilea na Sesaréa Philippi, tot by die uiteindelike waterskeiding by die hoogste punt in Israel, die Berg Hermon – die sneeubedekte berg waar Hy verheerlik is.

Wie is Jesus?

Toe Jesus hierdie kritieke vraag aan Sy dissipels stel: *"Wie sê die mense is ek?"* het hulle geantwoord: *"'Johannes die Doper, en ander: Elía, en ander: Een van die profete.' En Hy sê vir hulle: Maar julle, wie sê julle is Ek? En Petrus antwoord...'U is die Christus.'"* Markus 8:27-30.

Jesus waarsku Sy dissipels

"Toe het Hy hulle begin leer dat die Seun van die mens baie moet ly en verwerp word deur die ouderlinge en owerpriesters en skrifgeleerdes en gedood word en ná drie dae opstaan...Wie agter My aan wil kom, moet homself verloën en sy kruis opneem en My volg. Want elkeen wat sy lewe wil red, sal dit verloor; maar elkeen wat sy lewe om My ontwil en om die evangelie ontwil verloor, hy sal dit red. Want wat sal dit 'n mens baat as hy die hele wêreld win en aan sy siel skade ly? Of wat sal 'n mens gee as losprys vir sy siel? Want elkeen wat hom vir My en my woorde skaam in hierdie owerspelige en sondige geslag, vir hom sal die Seun van die mens Hom ook skaam wanneer Hy kom in die heerlikheid van sy Vader met die heilige engele.'" Markus 8:31-38.

Die Berg van Verheerliking

Hierna het Jesus vir Petrus, Jakobus en Johannes bergop geneem, waar Hy voor hulle verheerlik is. *"En Sy klere het blink geword, baie wit soos sneeu...En daar het aan hulle verskyn Elía saam met Moses, en hulle was in gesprek met Jesus."* Markus 9:3-4. *"En daar kom 'n wolk wat hulle oordek; en uit die wolk kom 'n stem wat sê: 'Dit is My geliefde Seun, luister na Hom!'"* Markus 9:7.

Die Nagmaal is in die huis van Markus se moeder gehou. Dit was in dieselfde bo-kamer waar die Here ná die opstanding aan Sy dissipels verskyn het.

Jesus word versoek

Die Gees het Hom gedring om na die wildernis te gaan, en daar is Hy veertig dae lank deur satan versoek. (Mark 1:12-13). Die doop en versoeking word in dieselfde paragraaf gemeld. Onmiddellik nadat die Here vir Sy aardse bediening gesalf is, word Hy deur die Gees gedring om na die woestyn te gaan, waar Hy die influistering van die hel hoor. Die Vader se seën tydens die doop is ter voorbereiding van die geestelike oorlogvoering met die bose in die woestyn. Versoeking mag deel uitmaak van ons voorbereiding vir diens. Lyding, toetse en beproewings is net soveel deel van God se plan, as sukses en oorwinnings. Om versoek te word, is nie verkeerd nie. Sonde kom wanneer ons voor versoeking swig (1 Kor 10:13).

Die Here voorspel Sy dood

Vanaf hierdie bepalende oomblik verloop die verhaal afwaarts tot die finale konfrontasie met die godsdiensleiers in Jerusalem. *"'...Die Seun van die mens word oorgelewer in die hande van die mense, en hulle sal Hom doodmaak; en nadat Hy gedood is, sal Hy die derde dag opstaan.' En hulle het die gesegde nie verstaan nie en was bang om Hom uit te vra."* Markus 9:31-32.

Hoewel dit nie nodig was vir Jesus om Hom te laat doop nie, het Hy verkies om met Johannes die Doper te identifiseer, en om vir ons 'n voorbeeld te wees.

Johannes die Doper

Die Evangelie van Markus begin met Johannes die Doper se prediking in die woestyn: *"'Berei die weg van die Here, maak Sy paaie reguit...Hy wat sterker is as ek, kom ná my, en ek is nie waardig om neer te buk en Sy skoenriem los te maak nie. Ek het julle wel met water gedoop, maar Hy sal julle doop met die Heilige Gees.'"* Markus 1:1-8. Maleágie 3 profeteer dat 'n profeet soos Elía sou kom, en die weg vir die Here berei, wat skielik na Sy Tempel sou kom.

Jesus se doop

In Markus 1:9 begin die Here Jesus se openbare bediening. Hoewel dit nie nodig was vir Jesus om Hom te laat doop nie, het Hy verkies om met Johannes die Doper te identifiseer, en om vir ons 'n voorbeeld te wees deur Hom te laat doop. *"En dadelik toe Hy opklim uit die water, sien Hy die hemele skeur en die Gees soos 'n duif op Hom neerdaal. En daar het 'n stem uit die hemele gekom: 'U is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het.'"* Markus 1:10-11. Hier sien ons 'n beeld van die Drie-eenheid. God die Vader praat vanuit die Hemel, die Heilige Gees daal neer soos 'n duif, en die Here Jesus Christus kom uit die water op.

Kragtige bediening

Dan volg daar 'n onstuitbare warrelwind van gebeure wanneer die Here dié onderrig wat in duisternis vasgevang is; die wanhopiges bemoedig; die siekes en diegene wat ly, genees; diegene onder die mag van satan bevry; en berouvolle sondaars vergewe. Hy preek op die strand en kies vier vissermanne uit om Sy eerste dissipels te word sodat hulle kan leer hoe om vissers van mense te word. *"En hulle was verslae* »

REEKS

DIE BYBEL in 'n neutedop

Markus Deel 1

Die Messiaanse geheim

Markus is hoofsaaklik gemoeid met wat Jesus gedoen het. Die Evangelie verduidelik hoe Jesus Homself gaandeweg aan Sy dissipels geopenbaar het. Jesus het nie toegelaat dat die demone praat nie, want hulle het geweet wie Hy is (Mark 1:25,34). Ná die genesing van die melaatse man, het Jesus hom weggestuur met 'n streng waarskuwing: *"Pas op dat jy aan niemand iets vertel nie."* Mark 1:44. Wanneer Hy die duiwels uitgedryf het, het Jesus hulle streng beveel om vir niemand te sê wie Hy is nie (Mark 3:12). Nadat Hy Jaïrus se dogtertjie opgewek het, het Hy hulle streng opdrag gegee om niemand daarvan te vertel nie. (Mark 5:43).

Selfs op die Berg Hermon, het die Here van Sy dissipels verwag om te swyg oor Sy identiteit. Hierdie Messiaanse geheim openbaar die Here se besorgdheid om Sy missie te voltooi sonder om gestuit te word. Voortydige herkenning van Sy Messiasskap sou tot hewige woelinge lei en die verwagting dat Hy 'n soort politieke Messias moet word.

Baie mense in Juda het verwag dat die Messias 'n soort militêre en politieke verlosser moes wees. Hulle het die Ou Testamentiese profesieë van 'n lydende Dienskneg geïgnoreer (Jes 53); die Herder wat geslaan sou word en die skape wat verstrooi is (Sag 13:7). Dit sou Sy bediening belemmer en Sy dood verhaas. Hy het tyd nodig gehad om Sy Apostels op te lei sodat hulle ná Sy dood die Groot Opdrag kan uitvoer.

oor Sy leer, want Hy het hulle geleer soos een wat gesag het en nie soos die skrifgeleerdes nie." Markus 1:22.

Geroep om te dien

"En Jesus sê vir hulle: 'Kom agter My aan, en Ek sal maak dat julle vissers van mense word.' En dadelik het hulle hul nette laat staan en Hom gevolg." Markus 1:17-18. *"En Hy sê vir hulle: 'Laat ons na die naburige dorpe gaan, sodat Ek ook daar kan preek; want daarvoor het Ek uitgegaan.'"* Markus 1:38.

Wie is die belangrikste?

Die dissipels het met mekaar begin stry wie die belangrikste is. Die Here het hulle tereggewys: *"As iemand die eerste wil wees, moet hy die laaste van almal en almal se dienaar wees."* Markus 9:35. *"Julle weet dat die wat gereken word as owerstes van die nasies, oor hulle heers...maar so moet dit onder julle nie wees nie, maar elkeen wat onder julle groot wil word, moet julle dienaar wees. En elkeen wat onder julle die eerste wil word, moet almal se dienskneg wees. Want die Seun van die mens het ook nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien en Sy lewe te gee as 'n losprys vir baie.'"* Markus 10:38-45.

Die Here se program was vol dade van genade, om te genees en te bevry.

Die onvermoeibare kneg van God

Markus lig die sluier oor hoe vol die Here se program was met dade van genade, om die siekes te genees, die wat honger was te voed, Sy mag uit te oefen oor krankheid en die krag van die natuur, gesag uit te oefen oor demone en die dood. Die Here het melaatses genees, storms laat bedaar, mense van demone verlos, 'n verlamde genees, Jaïrus se dogtertjie uit die dood laat opstaan, 'n vrou van bloeding genees, 'n man met 'n verdorde hand genees, op die see geloop, 'n heidense vrou se dogter genees, 'n epileptiese seun genees, twee blinde mans genees, 'n doofstomme genees, en die blinde man by Betsáida genees.

Lastig geval deur skares mense

Die Here was gevolglik voortdurend onder druk en deur skares lastig geval. Sy stiltetye is onderbreek (1:35-37), daar was nie eens tyd om 'n maaltyd klaar te nuttig nie (3:20), die Here is voortdurend versoek om te help, en onder soveel druk geplaas dat Sy vriende gesê het Hy is *"buite Sy sinne"* (3:21), hulle het die Here opgesoek selfs wanneer Hy wou rus (6:31-34). Die sleutelwoord wat 'n mens voortdurend in Markus lees, is: dadelik.

Oorweldig deur opgewonde skares

"En nadat hulle oorgevaar het...het die mense Hom dadelik herken...en hulle het in daardie hele omtrek rondgeloop en die wat ongesteld was, op beddens begin ronddra na die plek waar hulle hoor dat Hy is. En waar Hy ook al ingegaan het in dorpe of stede of buitewyke, het hulle die wat ongesteld was, op die markpleine neergesit en Hom gesmeek om, al was dit maar die soom van Sy kleed, aan te raak; en almal wat Hom aangeraak het, het gesond geword." Markus 6:53-56.

Jesus vertel die gelykenis van die saaier; Hy waarsku dat die saad van die Woord nie in verharde harte kan wortelskiet nie.

Die lydende Dienskneg

Markus stel die Here Jesus Christus voor as die lydende Dienskneg van die Here. Hy fokus op Jesus se dade, en benadruk veral Sy diens, lyding en opoffering. Markus, wat Christus se Goddelike mag benadruk, demonstreer ook Sy menslikheid, Sy teleurstellings, Sy vermoeidheid, en Sy deernis.

Matteus Levi se roeping

Jesus het Levi geroep waar hy by die belastingkantoor gesit het: *"Volg My", toe het hy opgestaan en Hom gevolg. Matteus het 'n fees by sy huis gereël sodat die tollenaars ook die Here se lering kon hoor: "En toe die skrifgeleerdes en die Fariseërs Hom saam met die tollenaars en sondaars sien eet, sê hulle vir Sy dissipels: Wat is dit dat Hy saam met die tollenaars en sondaars eet en drink? En toe Jesus dit hoor, sê Hy vir hulle: 'Die wat gesond is, het die geneesheer nie nodig nie, maar die wat ongesteld is. Ek het nie gekom om regverdiges te roep nie, maar sondaars tot bekering.'"* Markus 2:16-17.

Meningsverskille oor die Sabbat

Ander meningsverskille het gevolg. Die Fariseërs het gekla omdat die Here feeste bygewoon het, maar nie genoeg gevas het nie (Markus 1:18-22). Toe Sy dissipels op die sabbat koringare pluk en eet, het die »

Die Bybel in 'n neutedop

Markus Deel 1



Fariseërs gekla. *"En Hy sê vir hulle: 'Die sabbat is gemaak vir die mens, nie die mens vir die sabbat nie. Daarom is die Seun van die mens Here ook van die sabbat.'"* Markus 2:27,28.

Toe die Here die man met die verdorde hand in die sinagoge genees, was die Fariseërs gereed om Hom om die lewe te bring. *"Daarop sê Hy vir hulle: Is dit geoorloof om op die sabbat goed of kwaad te doen, 'n lewe te red of dood te maak? Maar hulle het stilgebly."* Markus 3:4. Jesus het 'n man genees. *"Toe gaan die Fariseërs uit en hou dadelik raad met die Herodiane teen Hom, sodat hulle Hom sou kan ombring."* Markus 3:6.

Die gelykenis van die saaier

In Markus 4 vertel die Here die gelykenis van die saaier, en waarsku Hy dié wie se harte so verhard is dat die Woord nie in hulle kan wortelskiet nie. Hy praat van diegene wie se hart soos klipperige grond is, wat die Woord hoor, en dit dadelik met blydskap ontvang, maar wat nie self gewortel is nie en dus net vir 'n tydjie volhard. Wanneer verdrukking en vervolging ter wille van die Woord egter aanbreek, struikel hulle onmiddellik. Dan is daar ook diégene wie se hart soos grond vol dorings is, wat die Woord hoor, maar die sorge van die wêreld, die verleiding van rykdom, en die begeerte na ander dinge verdring die Woord, en dit dra geen vrug nie (Markus 4:3-20).

Jy sal maai wat jy saai

"Pas op...met die maat waarmee julle meet, sal vir julle gemeet word..." Markus 4:24. Toe die Here Sy dissipels twee-twee uitstuur, het Hy gesê: *"En almal wat julle nie ontvang of na julle luister nie...dit sal vir Sodom of Gomorra verdraagliker wees in die oordeelsdag as vir daardie stad!"* Markus 6:11.

Toe die Fariseërs die Here berispe omdat Sy dissipels nie die Joodse tradisies nakom nie, het Jesus hulle geantwoord: *"Tereg het Jesaja oor julle, geveinsdes, geprofeteer soos geskrywe is: 'Hierdie volk eer My met die lippe, maar hulle hart is ver van My af. Maar tevergeefs vereer hulle My deur leringe te leer wat gebooie van mense is.'"* Markus 7:6-7. ■

...DEEL 2 VOLG IN DIE VOLGENDE UITGAWE VAN JUIG!

DR PETER HAMMOND *is 'n sendeling, Bybel-leraar en outeur. Tel: 021 689 4480; of sien www.frontline.org.za; mission@frontline.org.za*